Skrifgedeelte: Jesaja 49:1-7

Teksverse: Jesaja 49:5-6

Tema: Lewe as lig vir die nasies, want Christus het reeds versoening gebring en God se eer herstel!

Die afgelope paar weke is ons besig om saam te luister na hoe God se verlossingsplan in die Bybel en deur die geskiedenis ontvou. Ons het in Genesis 3 gehoor dat God se eer deur die sonde aangetas is en dat God Sy verlossingsplan aktiveer om só sy eer te herstel. Verlede week het ons gehoor dat God vir Abraham geroep het en sekere beloftes aan hom gemaak het en op grond van hierdie beloftes en Abraham se vertroue op die Here, het Abraham weggetrek.

God het `n dieper dimensie van sy verlossingsplan deur Abraham bekend gemaak: God se eer word nie net herstel deur sy verlossingsplan nie, maar Abraham en sy nageslag is ook tot seën vir die mens.

Wanneer ons in hierdie week gaan luister hoe God sy verlossingsplan in die Psalms en die profete bekend maak, gaan daar vir ons nog `n dimensie van God se verlossingsplan duidelik word: dit is nie net Israel wat deur God gered word nie, maar Israel word geroep as `n lig vir die nasies sodat die redding wat die Here bewerk het die uithoeke van die aarde sal bereik. Ons hoor dit op `n besonderse manier in Jesaja 49:1-7.

Israel word geroep as `n lig vir die nasies

Van moederskoot af `n dienaar

Wanneer ons Jesaja 49 lees, hoor ons dat Jesaja sê dat God sy en Israel se naam genoem het nog voordat hy of die volk gebore was. Soos vers 5 ons leer, reeds in die moederskoot het God al vir Israel en Jesaja sy dienaar gemaak. Toe God vir Abraham daar in Ur al geroep het, het Hy begin om Abraham en sy nageslag, die Israeliete, die Here se dienaars te maak.

Daarom, wanneer ons Genesis lees, is dit die een verhaal op die ander van Abraham se nageslag en hoe hierdie nageslag in Egipte beland het en hoe God dan, in Eksodus, Levitikus en Deuteronomium, hierdie nageslag bevry en terug bring in die Beloofde Land en hoe hierdie volk God en God alleen moet dien.

Wanneer ons egter Rigters, Konings en Kronieke gaan lees, hoor ons hoe hierdie volk, wat God só van moederskoot af geroep het om sy dienaars te wees, hulle rûe op God draai en ander gode begin dien. Ons hoor hoe die volk opstandig raak en dat God hulle op die einde straf deur hulle in ballingskap te laat wegvoer.

Die Here gee die opdrag

En dan, hier in ballingskap, kry ons nog `n dimensie van God se verlossingsplan. Hier kry die volk opnuut weer `n opdrag, maar nou is hierdie opdrag nie bloot net `n opdrag dat hulle God moet dien nie, maar dat hulle in die besonder `n lig vir die nasies moet wees, sodat die redding wat God bewerk het die uithoeke van die aarde kan bereik!

Reeds toe ons na Genesis 3 gekyk het, het ons gehoor dat God se eer aangetas is en daarom herstel God sy eer oor die hele aarde! Daarom dat hierdie wonderlike boodskap die uithoeke van die aarde

moet bereik. Siende dat God se eer oor die hele aarde aangetas is, moet die herstel van God se eer ook die hele aarde bereik.

Daarom dat dit nie genoeg is dat net die volk Israel gered word nie. Ook die mense wat vir Israel in ballingskap weggevoer het, moet hoor dat God se eer herstel word en dat daar net by God verlossing en vergifnis is. Skielik is die ballingskap nie meer `n strafkamp vir die Israeliete nie, maar `n sendingveld waar hulle die boodskap God se liefde deur liefde en diensbaarheid teenoor hulle vyande moet bewys. Dit is teenoor hulle aardsvyande, hulle onderdrukkers, wat hulle God se liefde moet bewys.

Die Here gee die krag

Maar juis omdat dit, menslik-gesproke, onmoontlik is, gee die Here aan die volk die krag om dit te doen. Hy gee hulle die krag deur hulle eers weer daarop te wys dat al voel hulle soos `n mislukking, is dit Hy wat hulle mond soos `n skerp swaard maak. Dit is die Here wat nou die tyd laat aanbreek het dat hierdie volk, soos `n pyl uit `n boog, sy teiken kan tref en hierdie boodskap van die herstel van God se eer kan duidelik maak.

En asof dit nie genoeg is nie, word daar baie duidelik vir die volk gesê dat dit God Almagtig is wat aan hulle die krag gee om hierdie opdrag uit te voer deurdat die Here die volk belangrik gemaak het. In werklikheid is die Ou Afrikaanse Vertaling die mooiste vertaling van vers 5. Daar staan: "...ek word geëer in die oë van die HERE, en God is my sterkte."

Hoe wonderlik is dit nie dat `n mens in die oë van die Here belangrik is of geëer word? Hy red nie net die mens nie. Die mens wat deur Hom gered en verkies is, is belangrik vir Hom! Hy word deur die Here, die God van die verbond, geëer!

Die uitslag: `n totale mislukking

En tog, ten spyte van die feit dat God die krag aan Israel gee en hulle belangrik is in die oë van die Here, maak die volk `n totale mislukking van hierdie opdrag. In plaas daarvan dat hulle die redding wat die Here bewerk het tot by die uithoeke van die aarde bekend gemaak het, het hulle laer getrek teen hulle vyande. In plaas daarvan om in liefde diensbaar teenoor hulle vyande te wees, het hulle, toe hulle terug gekom het in Israel en Jerusalem, begin om in onmin en geweld teenoor die ander mense te leef.

Christus is die lig vir nasies

Juis daarom, wanneer Christus kom, kom vervul Hy hierdie opdrag wat Israel reeds gekry het. Ons gaan volgende Sondag in meer detail stilstaan by hoe Christus God se verlossingplan kom volbring het, maar kyk net vinnig hierna:

Van voor die moederskoot af al Dienaar

Van voordat Jesus Christus uit Maria gebore was, was Hy reeds die Dienaar van God die Vader. Dit word só mooi in Johannes 1 beskryf wanneer Johannes van Jesus Christus praat as die Woord en die Lig. Daar hoor ons byvoorbeeld:

“In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God...Die ware lig wat elke mens verlig, was aan kom na die wêreld toe. Hy wás in die wêreld – die werld het deur Hom tot stand gekom – en tog het die wêreld Hom nie erken nie...Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid. Uit sy oorvloed het ons almal genade op genade ontvang.”

Die Vader gee die opdrag

Tog was Jesus Christus nie net van die begin af dié Dienaar van God nie, maar Hy het ook gekom om die opdrag van sy Vader uit te voer. Die verlossing wat Jesus Christus gebring het, het Hy gebring omdat die Vader Hom gestuur het en sodat Hy, deur die verlossing, die eer van God kan herstel. In Johannes 5 maak hierdie woorde van Jesus Christus dit vir ons duidelik:

“Dít verseker Ek julle: Die Seun kan niks uit sy eie doen nie. Hy doen maar net wat Hy die Vader sien doen; wat die Vader ook al doen, doen die Seun ook net so...Daarom moet almal die Seun eer net soos hulle die Vader eer. Wie nie die Seun eer nie, eer ook nie die Vader wat Hom gestuur het nie. Dit verseker ek julle: Wie luister na wat Ek sê en in Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe.”

Die Vader gee die toerusting

Soos die Vader vir Jesus Christus die opdrag gegee het, het die Vader ook vir Jesus Christus toegerus vir hierdie groot opdrag. Wanneer ons byvoorbeeld na Openbaring 1 gaan luister hoor ons dat Johannes vir Jesus Christus sien met `n swaard met twee snykante wat uit sy mond kom - `n teken van die regspraak en oordeel wat Jesus Christus mag bring.

Ons sien hoe die Vader vir Jesus Christus toegerus het, deur Hom op die regte tyd te laat kom. In die woorde van Jesaja 49: Die Vader het vir Jesus Christus in die skaduwee van sy hand verberg en Hy het Hom in Sy pylkoker weggesteek tot op die regte tyd wat Christus moes kom.

Jesus Christus was in die oë van die Vader geëer deurdat Hy Hom opgewek het uit die dood, op laat vaar het na die hemel toe en Hom aan die Vader se regterhand laat sit het. In alles het die Vader vir Jesus Christus toegerus om Sy verlossingsplan te volbring en sy eer te herstel.

Die uitslag: Genade, onbeskryflik groot!

En die uitslag van Christus se gehoorsaamheid aan hierdie opdrag van die Vader was onbeskryflike, groot genade! Christus se gehoorsaamheid bring herstel van verhoudings tussen God en mens, tussen mense onderling, tussen mens en natuur en die mens met homself. Toe Christus God se verlossingsplan volbring het, het Hy God se eer herstel deurdat elke knie eendag sal buig en elke tong sal bely: “Jesus is Here” tot eer van God die Vader!

Kerk van die Here – jy is `n lig vir die nasies!

En ek en jy, waar staan ons in hierdie verlossingsplan? Wat leer ons uit Jesaja 49 en wat moet ons gaan doen as ons hierdie boodskap hoor?

Van wedergeboorte af al `n dienaar

Die eerste wat ons hoor is dat ons ook dienaars van die Here is. Sodra die Heilige Gees die wedergeboorte in ons werk, is ons dienaars van God en staan ons in diens van die Here. Wanneer

ons deur die Heilige Gees weer gebore word, word ons deel van die koninkryk van God. Dan word God ons Here – ons Baas – en is ons sy dienaars wat gereed staan om Hom te dien.

Die Vader gee die opdrag

Maar nie net word ons God se dienaars nie, ons ontvang ook hierdie opdrag om `n lig vir die nasies te wees sodat die redding wat die Here Jesus Christus bewerk het tot die uithoeke van die aarde bekend kan word. Hierdie opdrag ontvang ons nie net bloot nie, maar dit word ons eie deurdat ons identiteit verander.

Die gehoorsaamheid van Jesus Christus word ons eie en daarom verander ons identiteit heeltemal. Nou is ons `n lig vir die wêreld en sout vir aarde! Toe Jesus in die bergprediking, Matteus 5, vir die dissipels gesê het dat hulle `n lig vir die wêreld is, het Hy aangesluit by hierdie opdrag wat die Here in die Ou Testament al vir sy volk gegee het. Elkeen van ons se identiteit is: lig, sout, evangelis. Daarom dat ons nooit in die Bybel hoor dat dit `n besonderse gawe van die Heilige Gees is om die evangelie te verkondig nie. Elkeen van ons het die opdrag om dit te doen!

Daarom dat Jesus Christus vir ons die Groot Opdrag en Groot Gebod in amper dieselfde vorm gee as wat God die Tien Gebooie aan die volk Israel gegee het. Kom ons kom weer onder die indruk van hierdie nuwe identiteit en opdrag wat die Here vir ons gegee het, deur die Tien Gebooie en die Groot Gebod en Opdrag met mekaar te vergelyk:

	Wat God van Homself sê	Die opdragte wat gegee is	Die belofte wat gegee is
Tien Gebooie	"Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het..."	"Jy mag naas my geen ander gode hê nie...Jy mag nie vir jou `n beeld of enige afbeelding maak en dit aanbid nie...jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie...Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou...eer jou vader en jou moeder...jy mag nie moord pleeg nie...jy mag nie egbreuk pleeg nie...jy mag nie steel nie...jy mag nie vals getuienis teen `n ander gee nie...jy mag nie begeer nie."	"...dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee..."
Groot Opdrag en Gebod	"Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde..."	"Volg my... "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, met jou hele siel, met jou hele verstand...en jou naaste soos jouself... "Gaan dan na al die	"En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

		nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het..."	

Wanneer ons, as `n lig vir die nasies `n dienskneg-gestalte aanneem, bring dit genesing. Almal van ons is moedeloos oor die goddeloosheid in ons land – want dit is wat korrupsie, diefstal, moord en verkragting is! Dit steel God se eer: dit is goddeloosheid! Maar in plaas daarvan om soos die res van die wêreld hieroor te kla, moet ons lig wees; ons moet diensknegte wees wat God se liefde in hierdie donkerte laat skyn, sodat God se verlossingplan duidelik kan word.

Baie van ons was onlangs woedend en geskok oor ons president se uitlating dat Jesus Christus weer moet kom, sodat Hy ons sondes kan vergewe. Dit is lynreg teen die Here se Woord en dit tas God se eer aan. Maar, is hierdie nie dalk `n bewys van ons as kerk se traagheid en luiheid om lig te wees nie? Is ons as kerk só stil en skyn die lig van ons nuwe identiteit só dof dat ons president nie eers meer weet wat die verlossing in Jesus Christus beteken nie?

Die Heilige Gees gee die krag

Juis daarom is dit nodig dat ons moet onthou dat God die Heilige Gees ons toerus en aan ons die krag gee om ons nuwe identiteit uit te leef. Die Heilige Gees word aan elkeen van ons gegee wat met hartlike versugtinge daarom smeek. Wanneer laas het jy, met jou hele wese, volhardend gesmeek dat die Heilige Gees jou vervul? Dit is die Heilige Gees wat ons toerus, bereid maak en gereed maak om lig vir die nasies te wees! Dit is die Heilige Gees wat self die woorde in ons monde lê wanneer ons voor die howe en regbank gesleep sal word ter wille van ons geloof.

En dit is die swaard van die Gees, die Woord van God, wat `n tweesnydende Swaard is wat ons voorberei en toerus vir elke goeie werk. Dit is God se Woord wat ons toerus om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en `n regte lewenswyse te kweek, sodat ons wat in diens van God staan, volkome voorberei en toerus sal wees vir elke goeie werk.

Die uitslag: hemelse lofprysing!

En dit is juis wanneer ons in God se Woord delf en daarmee besig is, wat ons hoor wat die uitslag sal wees wanneer ons ons nuwe identiteit, as deel van God se groot verlossingsplan, uitleef: hemelse lofprysing! Dit is waarheen ons werk, my broers en susters, na `n ewige geleentheid waar **elke** stam, volk, taal en nasie God sal loof en prys! Hoor hoe word dit in Openbaring 5 beskryf:

"Die hele skepping, alles in die hemel en op die aarde en onder die aarde en op die see, ja alles, wat daar is, het ek hoor sê: "Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam, behoort die lof en die eer, die heerlikheid en die krag, tot in alle ewigheid." Die vier lewende wesens het gesê: "Amen!" En die ouderlinge het gekniel en God aanbid."

Dit is waarvoor ek en jy herskep is in Jesus Christus: om `n lig vir die nasies te wees, sodat almal God sal loof en prys, want Christus het reeds die versoening gebring en God se eer herstel! Ons missionêre leefwyse in die wêreld: in werklikheid ons missionêre identiteit want Christus se gehoorsaamheid is ons eie. Lewe daarom as `n lig vir die nasies!

Amen